# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 Oktober 1996 Vol. 21

## UBUNTU of DORDT?
## Oor medemenslikheid

Dit is hoog mode om deesdae sogenaamd regstellend op te tree. Selfs in die teologie begin die neiging ook nou kop uitsteek. In die Skrifverklaring word gepoog om die klem ook te verskuif na 'n meer "afro-etniese" uitkyk. Een van die sake wat gereeld opgehaal word, is dat die Afrika-filosofie van "ubuntu" 'n rykdom van wisselwerking vir die teologie kan bied. Daar is ook mense wat meen dat uit die Afrika-konteks as kontinent "ubuntu" 'n nuwe gesigsveld open wat waardevol is vir die kerk.

### Mens deur ander mense

In kort kom die "ubuntu"-gedagte daarop neer dat mense en medemense op 'n spesifieke manier gesien word. Die "ubuntu"-filosofie sê: 'n mens is 'n mens deur ander mense.

Hierdie "waarheid" lyk met die eerste oogopslag nie so onaantreklik nie. Daar gaan al stemme op wat sê dat die mens net in sy breër verbande raakgesien moet word. Daarom kry mens teoloë wat ook hierdie "ubuntu"-stelling wil inwerk in die evangelie, selfs as 'n nuwe soort verbondsteologie. Hulle gee gewoonlik twee redes hiervoor, naamlik dat die heidene soms iets van die waarheid raaksien wat Christene eers veel later insien as die waarheid, en tweedens dat God ons mos buitendien beveel het om ons naaste lief te hê. Daarom speel ons naaste 'n bepalende rol in ons verstaan van die evangelie van Christus.

### Kritiek teen westerse uitwasse

"Ubuntu" gee geldige kritiek teen verskeie uitwasse van ons tyd en generasie, wat nie altyd geredelik erken word nie. Veral as mens dink watter skadelike gevolge die westerse kapitalisme aangerig het met sy aandrang op algehele individualiteit. Mens kan ook hierby voeg die familie-verwoestende effek wat iets soos trekarbeid op mense gehad het. Wanneer daar oor "ubuntu" gepraat word, moet dit nie afgewys word bloot omdat dit "uit Afrika" is nie, maar dit moet - soos enige ander denkrigting - aan die Skrif getoets word. En hierdie Skriftoets moet in eerlikheid geskied, en ouderwetse, koloniale en rassistiese vooroordele mag nie 'n rol speel in die beoordeling nie.

Daar moet die oopheid wees om ook die eie stelsels (soos demokrasie, kapitalisme, welwillendheid, welvaart,

*In hierdie uitgawe:*


- ⋆ UBUNTU of DORDT? A.L.A. Buys ........ 1
- ⋆ Skrifoordenking: En amen sê my siel Ds. A.H. Mulder ........ 4
- ⋆ DIE UITVERKIESING J. Calvyn ........ 6
- ⋆ ERFGOED van die REFORMASIE Dr. Ph. J. Huijser ........ 8
- ⋆ Boekresensie: EFEZIERS Prof. L. Floor ........ 10

ens.), wat miskien tradisioneel as "westers" beskou is en as "christelik" aanvaar word, aan dieselfde skerp lig van die Woord te onderwerp. Die feit dat "ubuntu" gekant is teen sekere sake van ander ideologieë maak dit egter geensins aanvaarbaar en reg nie.

### Menslikheid

Dit sal dus baie gevaarlik wees om hierdie oeroue Afrika-filosofie in die teologie te duld of selfs te probeer uitbou. Die kernvraag in hierdie debat is: wat is MENSLIKHEID, en per definisie ook, wat is ONMENSLIKHEID? Ons het tans 'n oormaat sienings wat enigiets wat die mens se ongebondenheid wil inperk, afmaak as onmenslikheid. Die meeste mense wil deesdae demokraties "vry" wees om ook konsekwensieloos teen God te kan sondig - en dit word as medemenslik beskou as ons mekaar sou toelaat om maar elkeen ons eie weg te vind oor wat vir ons 'n aanvaarbare leefwyse is, en wat nie. Hierdie saak van "ubuntu" gaan eersdaags in die sentrum van die denkontwikkeling lê, na gelang die sosialisme meer en meer gevestig word in die ekonomie en ander lewensterreine.

### Uitverkiesing, nie gelykheid

Die kerk van Christus het dus 'n taak om onomwonde aan die wêreld te stel wat menslikheid is. En daarvoor moet die stof van die Dordtse Leerreëls afgestof word. Dit is weer nodig dat die wêreld wat so behep is met gelykheid, hoor wat die uitverkiesing is. Sonder die wete van die uitverkiesing sal niemand ooit 'n vae begrip hê van wat die mens werklik is nie. Menslikheid en medemenslikheid berus nie op 'n onderlinge afspraak soos tans aangevoer word nie, maar is 'n waarheid deur God daargestel reeds in die uitverkiesing.

### Onderskeid

Ons bely op grond van die Skrif dat God 'n onderskeid maak tussen mense. So is alle mense in God se oë nie gelyk nie. Die onderskeid tussen gelowig en ongelowig mag vir niks en nêrens opgehef word nie. Hy kies uit en Hy verwerp. Hy het lief en Hy haat (Rom 9:13). Hierdie waarheid mag nie net afgemaak word as iets wat net in die kerk bely moet word nie. God is nie net die kerk se God nie, maar ook die wêreld se God, al eer hulle Hom nie (Rom 1:21). God se onderskeid is die basis-vertrekpunt in die vraag oor wie die mens is. God skep die mens in sy beeld (Gen 2:27 "...na die beeld van God"). Dit beteken onder andere dat God Homself stel in 'n liefdevolle Vader-kind verhouding met die mens. Die mens is dus nie ten eerste mens deur sy medemens nie, maar is ten eerste mens omdat hy die asem van die lewe in sy neusgate, dus 'n lewensband met God, het. God se liefde laat die mens werklik mens wees.

Daarom moet die kruispad duidelik aangetoon word: óf God se verkiesende liefde laat die mens as mens optree, óf die (sondige) medemens laat die mens mens wees. Dit is 'n keuse tussen God of sondaar. Ubuntu staan lynreg teenoor Dordt (vgl. DL 1:2, 1:10), Gods liefde of menslike verdraagsaamheid. Is dit werklik enigsins 'n keuse?

### Menslikheid deur liefde

Menslikheid word deur God die Vader se liefde bepaal - dit is juis die groot evangelie-boodskap, ook van die vleeswording van Christus na die sondeval. Want die sondeval het die mens vanaf God die Vader verwilder; daarna is God se liefde nie meer beantwoord nie, en daarom het onmenslikheid ook as een gevolg van die sonde ingetree. Onmenslikheid is nie die somtotaal van sonde nie (iets waarvan die menseregte-beweging ook maar kan kennis neem). Sonde is haat teen God, en daarom gevolglik ook haat teen die medemens - en dít is

onmenslik. Jy ontmens jouself as jy nie uit dankbaarheid God en jou medemens liefhet nie. Liefde is die wese van die mens.

## Sonde is ontmensliking

On-menslikheid handel oor wat nie by die mens pas of hoort nie. Ubuntu sê dat die enkeling nie kan béstaan sonder die ander mense nie. Dordt sê sonder God se uitverkiesende liefde is geen ware lewensbestaan moontlik nie. Ubuntu sê ongeduldigheid en selfstandigheid hoort nie by die indiyiduele mens nie. Dordt sê die sonde as haat teen God hoort nie by die mens nie (DL 1:1, 1:5). Sondedade is ontmensliking.

Ubuntu fouteer deur te sê die probleem van ontmensliking word aangespreek as die enkeling in die groep opgelos word. Dit is sonde as een bo die ander uitstyg; as die groep nie kan nie, mag die enkeling ook nie. Hierin lê die grondslag van die Afrika-sosialistiese ontwikkelingsgang waarteen die kerk van Christus hard en duidelik moet waarsku. Hierin lê ook die onaangename vooruitsig van die (her)verdeling van armoede.

## Geen vryheid, maar verknegting

As apartheid vir ubuntu verruil word, is daar steeds verknegting en word die vryheid wat Christus moontlik maak - vir enkeling en groep, ontken. Hierdie verknegting bestaan daarin dat die enkeling, en dan ook die verkose enkeling, op alle terreine aan die wilskrag van die meerderheid verslaaf word. Die leer van die uitverkiesing moet weer na vore kom - ook in gesprekke rondom staatkundige ontwikkeling. God maak onderskeid (DL 1:6) - God seën selfs alle gelowiges nie eers ewe veel nie, en watter aandrang het die mensdom dan om aan God voor te skryf dat Hy sy liefde eweredig oor die mensdom moet versprei? Wie is die erdekruik om teen die pottebakker te stry? (DL 1:18).

## Net gelowiges waarlik mens

Die leer oor die uitverkiesing is die hartaar van die Christelike leer - dit is nie maar net 'n "stokperdjie vir doppers" nie. En dit is juis die slaggat waarin tans getrap word. Die uitverkiesing word beperk tot 'n kerklike dogma in 'n kerkverband. Hierdie waarheid van God moet weer sentraal gestel word in enige gesprek oor menslikheid. Dit beteken dat niemand mens is bloot omdat hy deur ander mense tot mens gemaak word nie, maar dat iemand eers waarlik mens is as hy of sy die liefde van die Vader wat Hy in Christus aan sy uitverkorene bewys het, deur die Heilige Gees beantwoord. Net gelowiges kan weet hoe om mens te wees - ware mens.

## Uitverkiesing onderskei tussen mense

Ons mag hierdie waarheid nie verruil vir die leuen van "ubuntu" nie, net omdat ons dalk skaam geword het om van verhoë en kansels te sê: ons glo God onderskei tussen mense. Jy kan so bang wees vir diskriminasie dat dit ook jou eksegese en belydenis oor die uitverkiesing beïnvloed. En dit durf nooit gebeur nie. "Ubuntu" is geen "waarheidsmoment" wat deur Christene goedskiks gebruik kan word nie. God se eer as Skepper, sy Seun se opoffering om ons te leer wat mense is, is op die spel. In "ubuntu" skuil daar vergoddeliking van die mens (en dit word deurgetrek tot selfs ná die dood in voorvaderverering). Nee, die kerk moet weer bid saam met Dawid oor en vir die heidene in Ps 9:21: "O Here, jaag hulle skrik aan; laat die heidene weet, hulle is mense!". Die heidense "ubuntu" weet nie wat die mens is nie; hoe kan hulle dan weet wat medemenslikheid en onmenslikheid is? Die ware kerk ken die Vader se liefde - hoe kan ons dan swyg oor wat menslikheid is? Ware menslikheid is om jou uitverkiesing te bely en liefdevol te beleef - voor almal en vir almal. Dit het ook die dringende implikasie om samelewing-sondes uit te wys en te bestry. Maar ook om vanuit 'n

Christosentriese raamwerk nuut te dink oor wat saam-leef behels.

*****

SKRIFOORDENKING:

## "En amen sê my siel"

**Daniël 5:29:** ***"Toe het Belsasar bevel gegee, en hulle het Daniël met purper beklee, met 'n goue ketting om sy hals, en aangaande hom openlik uitgeroep dat hy as derde in rang in die koninkryk sou heers."***

Die mens wat die diepere doel van sy arbeid mis, is slegter daaraan toe as 'n vlinder wie se lewe net in ure getel word en dan in sy skoonheid verdwyn. As dit om die geld gaan, is die arbeid mis, maar as ons ons werk doen asof ons dit vir die Here doen, sal God se seën op stoflike gebied ook nie uitbly nie.

So is die hoogste loon wat die profeet van God ontvang nie purper en goud en die eer van mense nie, maar dat sy boodskap geloof vind. Daniël het tevergeefs op die loon van die Woordbediening gewag. Hy was wel baie goed vergoed, die heidense koning was in sy loonaanbieding baie meer as ruim.

'n Hoër eerbewys kon nie aan Daniël gegee word nie. En die eerbewys was al aan Daniël toegestaan voor hy die Woord van God uitgelê het. Koning Belsasar het sy woord gehou. Selfs toe die uitlegging tot Belsasar se nadeel was, het hy ook nie op sy woord teruggeskarrel en verskoning gesoek nie. Dit was baie maklik vir Belsasar om sy woord te breek, want Daniël het die aanbod voor die uitlegging al van die hand gewys (Dan 5:17). 'n Geweldige gejuig bars los en openlik roep hulle uit dat Daniël derde sou heers in die koninkryk.

**Hulde aan Daniël**

So staan die hele saal verstom en verbaas oor die profeet, maar die profesie word geïgnoreer. Die prediker staan in die middelpunt van die verering, maar die preek laat hulle rustig lê asof hy nooit 'n woord gespreek het nie. Almal juig oor die derde heerser in die koninkryk, maar geen siel sê amen op die verpleterrende boodskap van God nie.

**Belsasar verstaan nie die boodskap**

Niemand verstaan dat Daniël nie wil heers as derde maghebber nie, maar dat hy maar net dienaar van God wil wees wat die eer van God najaag. Hy wil maar net dienaar van die goddelike Woord wees in die koninkryk van God. Hy begeer net vurig dat die Woord wat hy gepreek het, heerskappy oor hulle harte sou hê. Maar niks daarvan nie. Eens het die koning van Nineve en die stad hulle bekeer op die preek van Jona, en in sak en as gerou oor hulle sonde. Die oordeel is afgewend. Maar koning Belsasar dra geskenke aan - geen vorm van skuldbesef nie. Die hand wat God letterlik uit genade na Belsasar uitgesteek het, word onbeskaamd en brutaal weggeklap. As sy knieë nou maar teen mekaar geklap het uit vrees vir die Woord van God wat Daniël aan hom verkondig het. Maar niks daarvan nie.

Dit laat ons vra hoe die sielsgesteldheid van koning Belsasar gelyk het. Hy kry die geweldige preek dat god 'n einde maak aan sy koningskap omdat hy te lig bevind is, en dit word aan die Meders en die Perse oorgegee, maar hy glo daar niks van nie! Hy roep Daniël tot derde in rang in die koninkryk uit.

**Verhard in ongeloof**

Dit word 'n openbaring van sy ongeloof in die bediening van die Woord. Met 'n ongelowige lag op sy gesig staan die koning voor die profeet, sy hande vol van die geskenke. En hy begryp nie dat

dit nou die tyd is om sy hande biddend om genade na die hemel uit te steek nie. Só was die bedoeling van die gebaar van beloning aan Daniël. Hierdie kostelike beloning was 'n growwe belediging vir Daniël en vir die God van die profeet, want dit het bestaan in die uitroepe en applous op die talent van die prediker, en nie omdat hulle siel amen gesê het op die prediking nie.

Die loon wat Daniël ontvang het, was 'n hoë rang, maar in wese skraps en skamel. Daniël het pas uitgelê dat al die prag en praal tot ondergang gedoem was, en dan word dit hom omgehang. Dieselfde nag is Belsasar nog gedood. En van hierdie ryk, wat nog maar net 'n paar uur het om te leef, word Daniël 'n hoogwaardigheidsbekleër. Arme Daniël. Betreurenswaardig sou Daniël gewees het as hy hom blindgestaar het teen sy loon.

### Geesgenote van Belsasar

In dieselfde nag is Belsasar, die koning van die Chaldiërs, gedood. Die geesgenote van koning Belsasar is daar nog vandag talle van - selfs in die kerk. Mense wat doodsbenoud is om nagmaal te gebruik uit vrees om 'n oordeel oor hulleself te eet en te drink, maar geen oomblik dink dat hulle onder die prediking 'n oordeel oor hulleself kan hoor nie.

### Niemand onaangeraak

Want God se Woord doen altyd iets. Ons gaan nooit presies dieselfde die kerk uit as wat ons daar ingegaan het nie. Die Woord versag of verhard. En die Woord kan net verhard as jy genoeg gepantser is teen die verkondiging van Gods Woord. Só word net kennis geneem van die inhoud van die preek. En Paulus leer ons in Rom 10 dat die geloof uit die gehoor is ... en kan jy hoor as daar nie een is wat preek nie ... en hoe kan jy preek as jy nie gestuur is nie?

Kerkmense gaan op na die huis van God. Waarom? Gaan ons op om 'n dominee te hoor? Of gaan ons op om God te ontmoet en deur die Heilige Gees met stille aandag te luister na die preek van 'n dienaar van Christus?

### Boodskap in die middelpunt

Maar soos by Daniël, staan die man wat die boodskap bring in die middelpunt, en nie die boodskap nie. En as die dienaar nie die man van my keuse is nie, dan is ek bereid om die prediking van Gods Woord oorboord te gooi. Die predikant, as profeet, word oor die gawes wat hy ontvang het, en waarmee hy moet dien, geroem of verguis. Ons sê so maklik hy het goed of sleg gepreek. Hy het mooi of minder mooi gepreek. Ek het my geërg oor die preek of ek het dit geniet. Maar die geskiedenis van Daniël laat ons vra: Wat het die Here gesê? Daaroor praat ons nie so maklik nie. Ons praat oor die man agter die boodskap en nie oor die boodskap nie, wat nog te sê oor die God wat die boodskap en die boodskapper gee!

Jakobus kom op die man af as hy praat oor hoorders en daders van die Woord. Die preek moet op die inhoud van die lewe inwerk. So profeteer die profeet en preek die prediker ook vir homself. Die maghebbers het gejuig oor die talente van Daniël, maar nie oor die preek: "... maar die God in wie se hand u asem en voor wie al u paaie is, Hom het u nie vereer nie" (Dan 5:23b).

### Geloof loon vir prediking

Die predikant kry 'n beloning of hy dit verdien en of hy dit nie verdien nie, en die preek word geëvalueer met 'n simbool van nul tot tien. Dit is waarom die kerk ontaard het tot 'n predikantskerk, want die amp van die gelowige het sigself verarm deur nie meer nougeset God se Woord en die belydenis te bestudeer en te bespreek nie. Dit is net hier waar die verval begin intree het en die sektes ook

begin floreer het. Is die gesprek oor die waardering van profeet en profesie, van predikant en preek van nul tot tien 'n godsdienstige gesprek? Nee, maar dan is die hele preek mis. Nee, die loon wat 'n dienaar van Christus soek, is die geloof - of die preek dus geloof werk en dit vrugte voortbring.

Ons moet dit weet - elke predikant sal voor God moet gaan rekenskap doen vir elke preek, of dit suiwer gesny was volgens God se Woord, al dan nie. Maar dieselfde beginsel geld ook vir elke hoorder van die prediking, wat met die preek gedoen word, of dit geloof werk en of ons dit, in selfvoldaanheid verwerp of ignoreer.

Ons moet die dienaar miskyk, maar die Here Jesus raaksien wat deur hom werk. 'n Eenvoudige kind van God wat niks van al hierdie dinge verstaan nie, maar met vreugde luister na die Woord van die Here, hoor: "Salig is die armes van gees, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Wat sien en hoor ons in die erediens? Daarom sê die Here Jesus ook dat as julle nie soos een van die kindertjies word nie, sal julle die koninkryk van God nie ingaan nie. Verder sê Christus: "Nie elkeen wat sê Here, Here sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is". Dit sê die Here ... en amen sê my siel daarop.

**Ds. A.H. Mulder.**

*****

## DIE UITVERKIESING - NUGTERHEID EN NEDERIGHEID.

Johannes Calvyn

**('n Vertaling van die derde deel van 'n preek wat Calvyn op 18 Desember 1553 in Genève gehou het)**

Diegene wat sê dat 'n mens heeltemal goed kan regkom sonder die leer van die uitverkiesing, en die geloof en bekering preek sonder om te sê dat sommige deur God uitgekies word, hulle wil wyser as God probeer wees. Dit is waar dat ons nugter moet wees, soos ek nou net gesê het, en ons kan nie versigtig genoeg wees om ons nederigheid te behou nie, sodat ons nie ons perke oorskry nie, soos wat God ons beveel. Maar waar vind mens die skaal vir sulke nugterheid? Kom dit van ons wysheid, of van God self? Inderdaad, vir seker weet God wat geskik is vir ons om te verstaan. Maar aangesien Hy aan ons verklaar wat ons reeds gesien het, moet ons dit herken, en geensins verder as dit gaan nie. Sodra God die pad afsny, verwag Hy van ons om op daardie punt halt te roep. En so, laat ons erken dat dit God se saak is om aan ons te verduidelik wat Hy wil hê ons moet weet, en wat Hy aan ons wil openbaar. Dit is ons saak om dit te ontvang in alle nederigheid, en om geen verdere vrae te vra nie.

### Besware van mense

Laat ons nou kom by die besware van die mense wat teen God laster sonder enige gevoel van skaamte. Soos sommige van hulle sê: "As God uitgekies het wie Hy wou, hoef ons nie te streef om heilig te lewe nie, aangesien God se verkiesing alles insluit." Steek hierdie varke (Mat 7:6) hulle eie snoete uit? En wat kry hulle as hulle so maak? Hier is die Heilige Skrif, wat 'n kort en maklike antwoord in dié verband gee: ons is uitgekies deur 'n heilige roeping, sodat - terwyl ons nie meer ons eie vuilheid volg nie - ons heilig en sonder gebrek is (Kol.1:22). Aangesien dit die

geval is, is wat hulle voorstel so goed of mens wil die sonligstrale van die son skei, en sê: "Dit is genoeg dat ons 'n son het, ons het nie die lig nodig nie." Maar as mens hierdie lig van die son wegneem, watter voordeel het ons dan? So ook met die uitverkiesing van God. En gevolglik, laat ons nie van mekaar verwyder wat Hy saamgevoeg het nie. Toe God ons uitgekies het, was dit vir die doel naamlik "dat ons heilig sal wees" (Ef 1:4). Hy het dié wat Hy uitgekies het geskei van die ontroues, sodat hulle nie gewikkel is in hulle eie vuilheid, hulle booshede en hulle besoedelings nie.

Daarom is die volgende besware erg dwaas: "As God ons verkies het, moet ons die ankers losmaak en onsself vrye teuels gee." Die teendeel is egter die geval. As enige mens beweer dat "aangesien ons uitgekies is, volg dit dat ons sekerlik kwaad mag bedryf, aangesien ons nie verlore kan gaan nie", sê ek hulle kan nie 'n groter getuienis gee van hulle eie verwerping nie. Aangesien sake so staan, regeer God deur sy Heilige Gees dié wie Hy uitgekies het. En wat is die betekenis van God se verkiesing? Dat ons as sy kinders aangeneem is, en as Hy ons eers uitgekies het, dan gee Hy ons die Gees van aanneming om ons te lei - soos wat dit in die eerste brief van Johannes staan (1:12 ev en 3:5 ev).

## God onregverdig?

Maar laat ons nou beweeg na die hooflastering wat sekere mense uiter: "As God sekere mense uitkies en ander verwerp, is Hy onregverdig". Hierdie mense is nie ingesluit by die wat ek nou net genoem het nie - wat bevrees is dat God onregverdig sou wees en dat hulle Hom wil eer met hierdie tipe redenasie. Maar hoekom is dit so? Hulle weet nie hoe om God te eer nie! Die eersgenoemdes is reeds in die greep van satan - maar die satan beset die laasgenoemdes geheel en al. Die feit is dat die eerstes en die laastes in opstand teen God is.

Wat sal uiteindelik gebeur met hierdie mense? Hier is 'n vergelyking: as ek 'n klip oor my kop gooi, waarop sal dit neerkom? As ons klippe na mekaar gooi, kan ons nog poog om nie raakgegooi te word nie, maar met wie ding ons mee as ons teen God praat? As ons die haakbuise afvuur, of spiese gooi, of pyle en ander projektiele regoor ons koppe skiet, sal hulle nie terugval op ons en ons vermorsel nie? So dan, laat ons vrees om nie in sulke verwarring te val nie, en laat ons leer om net die majesteit van God te bewonder! Selfs al sien ons nie die rede waarom nie - ons mag nie wyser as die Gees van God wees nie.

## Mense wat wil verstaan

Sommige vind dit vreemd dat daar nie 'n maklike oplossing is vir hulle probleem nie. "Ek wil iemand hê wat sake meer duidelik aan ons verklaar, sodat ek verstaan hoekom hierdie soort dinge gebeur." My vriend, jy sal vir 'n ander rigting moet soek, aangesien jy so voorbarig is dat jy nie God wil verheerlik tensy jy bewyse sien nie. Maar kry 'n ander rigting, dié van die Heilige Gees. Laat ons oplet wat Paulus sê: "O, mens wie is jy?" As iemand begeer om met ons te argumenteer oor iets buite sy bevoegdheidsterrein, laat hy met God veg. Want as ons verby wil gaan by wat God aan ons in sy Woord verklaar het, sal ons nie hierdie rigting goed verstaan nie. Daarom wys Paulus aan ons hoe ons ons in hierdie verband moet gedra - en wat ons beperkinge is. 'n Mens moet aan stywe teuels gehou word, en ons moet weet wat ons omstandighede is.

Om die waarheid te sê, ons behoort gereken te wil word bo die stomme diere. As 'n donkie of 'n hond sou verander en sê: "Waarom is ek nie 'n mens nie?" sal een van ons nie reageer en sê: "As dit God behaag het om jou 'n dier te maak, moet jy dan nie te vrede met jou posisie wees nie?" Wie is ons in vergelyking met God? Ons is sekerlik so ver onder hom as wat die diere onder ons is. En waarom dan sal

Hy nie so baie gesag oor ons hê as wat ons oor hierdie skepsels wil hê nie?

So, wat bly oor? Hierdie mense wat steeds so wil laster, moet die voorbeeld onthou wat Augustinus op 'n ander plek aanhaal: ons Here Jesus Christus. Inderdaad, Jesus Christus is die spieël en manier waardeur God die oneindige skatte van sy goedheid openbaar het. Aangesien Hy die hoof van die 'kerk is, daarom moet ons begin by Hom as ons wil weet hoe God werk in sy mindere lede.

Onthou Jesus Christus - ware God, en ware mens. Maar hierdie menslike natuur is verheerlik in 'n wonderbare glorie, aangesien Jesus Christus - synde God en mens - steeds die Seun van God is. Ek sê Hy is die unieke natuurlike Seun. Watter waarde het die menslike natuur van Jesus Christus? Want dit kom van die geslag van Adam; Hy moes van die saad van Dawid wees, anders sou Hy nie ons Verlosser wees nie. Hy is ontvang in sy moeder op 'n wonderbaarlike manier - maar hy kom uit die geslag van Dawid, Abraham en Adam. Hy is geheilig - en gladnie onderwerp aan dieselfde onreinheid as ons nie. Dit was as gevolg van die wonderlike en buitengewone guns van God. En steeds, as ons die menslike natuur van Jesus Christus in ag neem, regverdig dit nie om verhoog te word na die mate van eer wat in Fil 2:10 en Heb 1:6 ev staan: "sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van dié wat in die hemel en die wat op aarde en wat onder die aarde is".

### Alleen genade

Wanneer ons hierdie soort genade in ons Hoof in ag neem, moet ons elkeen onsself dan nie ondersoek om dit te weet: "God het my uitgekies - selfs vir my - wat verban en verwerp is van sy koninkryk? Ek het niks in myself om Hom gunstig te stem nie - en nog steeds het Hy my gekies as sy eie. Moet ons dan nie hierdie genade raaksien ten einde dit groot te maak nie? Daarom, as ons oor die uitverkiesing dink, roep ons saam met Paulus uit: "O die diepte!" (Rom 11:33). Dit is om te wys dat ons nie ware dissipels van die Heilige Gees sal wees nie, totdat ons verruk is in bewondering. Wanneer ons die geheime van God oordink, bely ons dat ons nog nie die vermoë het om te verstaan nie.

* * * * *

## ONS PLIG TEENOOR DIE ERFGOED VAN DIE REFORMASIE - DANKBARE ERKENNING

Ons moet as kinders van die reformasie die werk van God, wat in en deur die werk van prediking van Luther, Zwingli en Calvyn tot stand gebring is, erken as 'n magtige wonder. Die majestueuse, glorieryke en heilryke Woord van God het sedertdien weer sy plek op die kansels teruggeneem en met daardie Woord het die ere-Koning, ons Here Jesus Christus, die enigste en volkome Saligmaker weer verskyn om sy volk regverdig, wys en goed te regeer.

Moet ons, wat nog steeds die seënryke gevolge daarvan ervaar, dit nie met dankbaarheid waardeer nie? Het Dawid nie gehuppel en gedans van groot blydskap voor die ark van die Here, toe die ark in die heilige stad ingebring word en in die tent van God neergesit is nie?

### Die Woord

Ons het 'n beter ark as 'n teken en onderpand van God se teenwoordigheid in die midde van sy kerk: die Woord, die lewende en ewigblywende Woord van God, die Woord van genade, die Woord van versoening, die Woord van saligheid. Waar die Woord is, daar is Christus, daar is die Heilige Gees, daar is die drie-enige God - daar is die geopende hemel! En daardie Woord het

die Hervormers gebring. Hulle moes ter wille daarvan teen 'n venynige oormag optree, wat met lis en geweld hulle wou beetneem om hulle werk te verydel. Hulle is daarvoor verketter en vervloek en met die dood gedreig. Maar God, wat gesê het: Lig skyn uit die duisternis - het hulle reformatoriese arbeid van ondergang behoed en vir die Christelike kerk as 'n ryke seën gestel. En daardie lig skyn ook in ons harte om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Christus.

Die kerk is uit die bane van duisternis bevry. Ons is kinders van die vrye, nie langer van die diensmaagd nie. 'n Pragtige erfenis het ons te beurt geval, die waarheid van God se lig verlig ons. Die voorgangers van die gemeente mag alle moontlike voordeel trek uit die werk van die Hervormers dat hulle prediking die waaragtige en volkome leer van die saligheid mag wees. En as die gemeente Sondae kom luister mag hulle in die banke sit met die gedagte: ons sal nie begogel word met die bygelowige misteries van die Roomse mis (nagmaal) nie, maar ons mag die evangelie hoor as die boodskap van genade en saligheid - mede as vrug van die werk van die hervormers.

**Het ons nog die kennis?**

Ons plig teenoor die erfgoed van die reformasie is die dankbare erkenning van die goedertierenheid van God. Maar leef hierdie danktoon in die hart van die mense wat sê dat hulle tot die Protestantse Christendom behoort? Ons betwyfel dit ten sterkste. By baie is daar geen kennis van die grondbeginsels van die Hervorming, geen belangstelling of waardering daarvoor, geen lewe daaruit, geen leer of prediking of ooreenstemming daarmee nie.

Ons dink ten eerste aan die manne van die valse mistiek, wat uitsonderlike pretensie het, dat die ou waarheid alleen in hulle eie kring suiwer uitgedra word, alhoewel mens daar niks anders te hoor kry as die onmag en verlorenheid van die sondaar en die ewige, helse straf. Die hemelpoort moet gesluit bly, daarom rep hulle nie 'n woord van genade en van geloof nie. Hulle wil in hulle valse lydsaamheid gestreel word. Getuig jy dat "deur die geloof alleen geregverdig word" dan is daar gesigsuitdrukkings asof daar donderweer dreig.

**Evangelie onnodig?**

Tweedens dink ons aan die manne van die moraal, hetsy kleinburgerlik, hetsy vrysinnig of regsinnig. Dit is mense wat gemoedelik sal preek of rustig na preke sal luister waarin Christus as Verlosser en Saligmaker van sondaars nouliks genoem word. Hier is die mens nie onmagtig om enige goeie werk te doen nie, soos by die vorige nie, maar hier inteendeel word baie van die mens verwag. Die mens is nie 'n verdorwe en verlore sondaar, wie se bene deur die wet onder hom uitgeslaan word en aan wie die troos van die evangelie verkondig word nie. Die evangelie word nie verkondig as 'n plegtige versekering van die Godsweg nie, dat die genaderykdom van Christus bestem is vir almal wat glo.

**Onaangeraak?**

Derdens is daar 'n aansienlike aantal mense wat kerk toe kom in die hoop dat hulle nie deur die een of ander leer lastig geval sal word nie, en dat mense hulle vir 'n rukkie op 'n interessante en oorspronklike manier sal besig hou. Wat traak die hemel of hel hulle? Luister hulle met deernis na die boodskap van sonde en genade? Hulle wil preke hê wat proe soos suikerklontjies en lyk soos roomkoek en 'n glas limonade. 'n Pragtige verhaaltjie, 'n vertelling van 'n reiservaring, 'n gedig, 'n sitaat uit die nuutste roman val in hulle smaak; dit is vir hulle in die prediking die visvleis, die res sit hulle as grate opsy.

Mens wil tog nie beweer dat alle predikers immuun is teen die verleiding wat in hierdie gedagtewêreld skuil nie. Is dit nie 'n sware versoeking dat mens op hierdie banale manier 'n gevierde prediker word nie?

**"Hervormers" wat reformasie verduister**

Wat in ons tyd die lig van die Reformasie verduister, is dat daar so baie mense as "gereformeerd" deurgaan. Dit krioel in ons tyd behoorlik van "hervormers". Met opset skryf ons dit sonder hoofletters en in aanhalingstekens. Die mense wat alles wil vernuwe kry mens in elke kerk - maar die kabaal wat hulle opskop is nie in verhouding met hulle studie en begrip van die prediking van God se Woord na die voorbeeld van die Hervormers nie. Prof. Veldhuizen het tereg van hierdie "vernuwers", wat alles wil omskakel gesê: "By hulle grondelose bewerinkies kry mens op die vraag watter handboek hulle vir prediking gebruik het, die antwoord: geen enkele een nie. Laat mens maar grondig die geskiedenis ken om uit te maak of daar werklik iets nuuts nodig is om toe te voeg." Aan die waardering van die werk van God in die Reformasie ontbreek dit baie. Kan ons nie anders word nie? Moet ons nie ons oë uitvryf en met aandag en verwondering luister na die lesse uit die geskiedenis nie, wat God in sy voorsienigheid aan ons leer? Laat ons mekaar opwek tot dankbare erkenning van die wonderweg van God en leiding van God.

**Dr. Ph. J. Huijser (Uit: De reformatie der prediking, 1955).**

*****

# Boekresensie: Efeziërs - Eén in Christus.

**Uit die reeks "Commentaar op het Nieuwe Testament - derde serie".**
**Prof. L. Floor. 1995, 232 p**
**Uitgegee deur Kok in Kampen.**

Hierdie is die derde keer dat die reeks van kommentare op die Skrif verskyn. Die eindredakteur is prof. Van Bruggen van Apeldoorn. Die kommentaar op Efesiërs is die eerste wat verskyn onder die afdeling wat handel oor die briewe van Paulus. Prof. Floor is geen onbekende in gereformeerde kringe nie, en met hierdie kommentaar, net soos sy Jakobus-kommentaar, stel hy geensins teleur nie.

Die kanoniek van die Efesiërsbrief word baie deeglik bespreek. Sake wat aangespreek word, is die eie plek van Efesiërs, die hele kwessie met betrekking tot die pauliniese outeurskap, die doel en aanleiding van die skryf van die brief, die feit dat dit 'n brief uit die gevangenis is, asook die struktuur en karakter van die brief. Dit word goed deur Floor uitgelig dat die brief 'n gebedskarakter dra.

Wat die formele betref, is daar enkele sake wat meer lesersvriendelik kon gewees het. Daar word deurentyd verwys na ander eksegete se kommentare, maar wat steur is dat net die naam en nie ook die jaartal en bladsynommer verstrek word nie. Dit maak die verwysing vir alle praktiese naslaandoeleindes nie sinvol nie, wat betreur moet word, veral in die lig daarvan dat Floor na meer as tweehonderd bronne verwys.

Verder help dit altyd as die skrywer sy eie vertaling van die vers aan die begin van die uitleg gee. Aangesien dit nie gedoen word nie, is dit redelik moeilik om vinnig 'n bepaalde vers se eksegese op te spoor. Die teks vloei inmekaar ten spyte daarvan dat die teksnommers met donker kleur uitgelig word. Vir 'n kommentaar wat direk uit die grondtaal werk, is dit ook jammer dat die Grieks

nie oorgeskryf is nie, maar slegs 'n transkripsie. Wat by die kommentaarreeks goed werk, is dat twee verskillende lettertipes gebruik word. Die een is die meer toeganklike deel, en daar verskyn plek-plek ook 'n kleiner lettertipe waar in meer diepte kommentaar gelewer word.

Floor is nie iemand wat te veel maak van struktuurontleding nie. Sy aanpak oortuig dat sekere beklemtonings wat die afgelope dekade op struktuurontleding gelê is, miskien te veel van 'n modewoord geword het. Floor is bewus van die invloed van struktuur, en die belang van die ontleding daarvan, maar hanteer dit gladnie as die een en die al vir eksegese nie. Vir hom is struktuurontleding een van vele fasette van eksegese.

'n Sterkpunt van die kommentaar is dat Floor 'n deeglike verantwoording gee van die onderskeid tussen die werk van die Gees en die werk van Christus. Hierin is hy besonder konsekwent en deeglik. As voorbeeld kan mens noem die onderskeid wat hy uitwys in die benoeming van die kerk as "liggaam". In 1 Korintiërs 12 word die verhouding van die kerk met die Heilige Gees meer beklemtoon terwyl dit in Efesiërs meer die kerk se verhouding met Christus belig.

Die Hoofskap van Christus vorm 'n mooi sentrale lyn van die kommentaar. Floor stel ook dat Christus nie twee soorte hoofskappe het nie, maar Hy is die een wêreldhoof, wat ook die Hoof van die kerk is. "Door dit Wereldhoof, deze Christus, aan de kerk te geven, heeft God de kerk geplaats in het allesomvattende machtsgebied van Christus" (Ef 1:21, p 80).

In die kommentaar op die tweede deel van die brief word klem gelê op die eenheid van die kerk. Floor toon goed aan dat die eenheid van die kerk beide 'n gawe en 'n opgawe is (p 147). Vir die kerk in ons tyd wat aan die eenkant so deur post-moderne veelheid en aan die anderkant deur neo-marxistiese struktuureenheid bedreig word, is hierdie eksegese goud werd. Die kerk is een in Christus en het daarom die opdrag om as eenheid te leef - ook in Christus. Hierdie eenheid is ook trinitaries bedoel (p145).

Hierdie kommentaar is oor en oor die moeite werd om aan te skaf. Dit is ver bo die gemiddelde kommentaar en daar straal 'n jarelange rypheid uit. Ten spyte van die hoë invoerkoste bly dit steeds 'n goeie belegging.

*****

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ........................................

Adres: ........................................

........................................

........................................

Poskode: ....................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ........................................

Datum: .................... Handtekening: ....................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS